NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
DUTCH REFORMED CHURCH

25 Feb 2021

AAN:

Sinodale Saakgelastigdes/Direkteure/Hoof Uitvoerende Bamptes/Algemene Kantoorbestuurder/Uitvoerende Amptenaar
Gemeentelike kantoorbestuurders/saakgelastigdes/skribas

WET 4 VAN 2013 - DIE BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING WET/ PROTECTION OF PERSONAL INFORMATION ACT (POPIA)

Die meeste personeel van Sinodale- en gemeentekantore is reeds bewus van POPIA en sperdatums wat voor die deur lê. Die doel van die skrywe is om aan u die proses vorentoe te verduidelik.

Wat is POPIA?

Die Protection of Personal Information Act (POPIA) bepaal die wyses waarop inligting wat oor individue gehou word bewaar en beskerm moet word.

Hierdie wet is in November 2013 onderteken en gedeeltes het in werking getree in April 2014. In Desember 2016 is die Inligtingsreguleerder aangestel. Die res van die regulasies het op 1 Julie 2020 in werking getree en organisasies moet nou teen 30 Junie 2021 aan alle wetlike vereistes voldoen. Dit sluit dan ook al die kantore binne die breëre NG Kerk verband in.

Wat word beskou as persoonlike inligting?

Uit die onderstaande lys van tipes persoonlike inligting is dit duidelik dat kerklike kantore oor baie persoonlike inligting van lidmate beskik en derhalwe moet daar met sorg daarmee omgegaan word.

- Identiteitsnommer/paspoortnommer
- Geboortedatum/ouderdom
- Telefoonnommers
- E-posadresse
- Fisiese adres
- Geslag, ras en etniese oorspring
- Foto's, stemopnames, video-opnames (ook CCTV), biometriese data
- Huwelikstatus en familieverwantskappe

2/...

13528
HATFIELD, 0028
Pretoria, South Africa
+27 (0)12 342 0092
+27 (0)12 342 0380
http://ngkerk.net/
info@ngkerk.org.za
PBO nr: 930006591

- Kriminele rekord
- Private korrespondensie
- Godsdienstige en filosofiese oortuigings en politieke opinies
- Indiensnemingsrekords en vergoedingsinligting
- Finansiële inligting
- Opvoedkundige inligting
- Fisiese en psigiese gesondheidsinligting, mediese geskiedenis, bloedgroep en seksualiteit
- Lidmaatskap van verenigings en organisasies

Waaraan moet voldoen word?

- Kerklike kantore moet elkeen 'n inligtingsbeampte aanstel wat sal toesien dat voldoen word aan die wetgewing.
- Daar moet 'n POPIA-handleiding opgestel word vir elke kantoor.
- Daar moet 'n bewusmakingsprogram wees.

Hoe gaan die Algemene Sinode u ondersteun?

Die AS het opdrag gegee dat die ATR in oorleg met die Argief Taakspan 'n toepaslike handleiding saamstel vir die kerklike argiewe, sinodes, hulle gemeentes, ringe, kerklike instansies en kerkkantore asook vir alle kerklike media ten opsigte van die vereistes van die POPIA (Wet 4 van 2013).

Die voorsitter van die ATR, dr Dewyk Ungerer, ds Attie Nel die ondervoorsitter van die ATR en dr Andrew Kok, die Bestuurder van die Argief op Stellenbosch sal binnekort so 'n pro-forma handleiding aan almal stuur vir gebruik in hul onderskeie kantore.

Die NG Kerk Argief sal ook hul eie Argiefkursus en die van 'n privaat konsultant gratis aan kantore beskikbaar maak vir 'n beter verstaan van die wetgewing.

Indien u enige navrae het kan u gerus kontak maak met die bestuurder van die Argief, dr Andrew Kok by argief@kaapkerk.co.za of 021 882 9923.

Beste groete

Dr GF Claassen
ALGEMENE SEKRETARIS